



LES-IDEES EN WERKKAARTE VIR DIE KLASKAMER



Henk Viljoen

Skole Streeksverkoopbestuurder: (Gauteng, Mpumalanga, Noordwes, Limpopo, Oos-Kaap

012 431 7460; henk.viljoen@nb.co.za

FB: Henk Viljoen (NB-Uitgewers)


Gratis werksessies beskikbaar: *luister en praat, lees en kyk, skryfvaardighede, taalaktiwiteite, taksonomieë en assessering.*

VISUELE TEKS - BOEKOMSLAG


Prelees: Bespreek die volgende vrae in jou groep.

Bestudeer die volgende foto's krities. Gesels dan met mekaar oor die volgende vrae:

- Wat sien jy eerste raak as jy na die foto's kyk?
- Waaroor dink jy gaan die foto's?
- Waarom dink jy word jou aandag hierop gevestig?
- Watter vrae wek die foto's by jou op?
- Waar dink jy kan jy antwoorde op jou vrae kry?
- Wat is interessant of verrassend in die foto's?
- Skryf woorde neer wat die foto's vir jou beskryf.



Tydens lees: Bestudeer die omslag van die roman *Hoopvol* krities.



Postlees: Beantwoord die volgende vrae in jou werkboek.

Vlak 1: Letterlike begrip (Weergee/herroep van inligting vanuit die teks.)

1. Wie is die skrywer van boek?
2. Watter inligting gee die titel van die inhoud van die boek?
3. Volgens watter soort genre, met die aanvullende inligting by die strepieskode, is hierdie boek geklassifiseer?
4. Daar is vele uitgewers wat boeke uitgee. Watter uitgewer het hierdie boek gepubliseer?
5. Jy wil meer inligting oor die boek bekom. Noem ten minste twee plekke, volgens die stofomslag, waar jy meer inligting oor die boek kan bekom.

Vlak 2: Herorganiseer (Ontleed/analiseer dit wat in die teks is.)

6. Wat voorspel die kunswerk van die inhoud?
7. Watter verskillende betekenis kan die titel hê?

Vlak 3: Afleiding (Lei ondersteunende detail af.)

8. Wat suggereer die lettertipe (letterstyl) van die titel?

Lees nou die agterbladteks:

9. Verduidelik wat met die eerste sin bedoel word:

“Ben word koud.”

10. Lees die volgende sin:

“Sy blik is vasgenaël op die man heel regs op die foto.”

a) Waarna verwys “blik”

b) Vervang die onderstaande gedeelte van die sin met ander woorde wat steeds ongeveer dieselfde betekenis sal hê. “Sy blik is vasgenaël op . . .”

11. Lees die volgende stelling:

Liefie en Nathalie het drie jaar gelede matriek geskryf.”

a) Is die stelling *waar* of *onwaar*?

b) Gee ’n rede vir jou antwoord.

12. Voltooi die volgende sin: *As jy iets “blindelings” doen, dan . . .*

Vlak 4: Evaluering (Beoordeel realiteit of verbeelding/fantasie.)

13. Wat suggereer die bandontwerp van die bedoelde teikengroep/lesers? Is geslag, kultuur, ouderdom ensovoorts, in aanmerking geneem?

14. Watter gebeurtenis, volgens die teks, het die illustreerder vir die bandontwerp gebruik?

15. Die agterbladteks kan ’n sekere verwagting by die leser skep. Lewer ’n kritiese bespreking van die verwagtinge wat die teks by jou as leser skep.

16. Wie se opinie/mening word in die agterbladteks weerspieël?

Vlak 5: Waardering (Emosionele respons op die inhoud.)

17. Sal jy die boek graag wil lees? Gee ’n rede vir jou antwoord.

18. Hoekom, dink jy, is die illustrasie en letterwerk gekies vir die buiteblad?

19. Lewer kommentaar oor die kleur en verhouding tussen dinge in die kunswerk. Watter effek het dit?

20. Watter tegnieke/taktiek sal jy gebruik om hierdie boek vir veral jonger lesers te bemark?

Voorbeelde van opdragte gebaseer op die roman *Hoopvol*

Hoofstuk 2

(Uit: *Hoopvol*. Derick van der Walt. Tafelberg. 2012)

Opdrag 1

Bestudeer die volgende foto.



Opdrag

Skryf'n dagboekinskrywing van ongeveer xxx woorde 'n rit (per trein/motor/vliegtuig) wat jy onderneem het. Jou dagboekinskrywing moet oor XXX dae/ure wees. Dink aan die volgende:

- Waarvandaan is jy oppad?
- Watter emosies ervaar jy?

Opdrag 2

Lees die volgende paragraaf:

Ben skrik verward wakker toe die trein skielik ruk en die vrou op die sitplek oorkant die paadjie vooroor val.

Opdrag:

Voltooi die inleidende paragraaf deur slegs drie gepaste sinne (ongeveer 40 woorde) by te skryf. Die daaropvolgende sin, wat as leidraad kan dien, lees as volg:

Die vrou glimlag dankbaar toe hy dit weer in die sak op haar skoot sit.

Opdrag 3

Bestudeer die volgende stel foto's:



Opdrag

Gebruik die reeks foto's en skryf 'n verhalende opstel / beskrywende paragraaf van ongeveer xxx woorde daaroor.

Opdrag 3

Lees die volgende paragraaf:

Brandweermanne dra twee hopies, met grys komberse toegegooi, op draagbare by die huis uit. Oom Carlos van oorkant wat sy arm onhandig om sy skouers slaan. “Awful, awful, Ben.”

Opdrag:

Skryf die gesprek wat tussen Ben en Oom Carlos plaasgevind. Jou gesprek moet in dialoogformaat en ongeveer xxx woorde wees.

Opdrag

Stel die begrafnisbrief/huldeblyk saam van die twee persone wat in die tragiese gebeure oorlede is. Die inhoud van jou begrafnisbrief/huldeblyk moet ongeveer xxx woorde wees.

Opdrag 4

Kyk na die volgende videogreep/foto:



Opdrag:

Jy is die een brandweerman/een van die omstanders. Skryf ooggetuieverslag van die gebeure. Jou verslag moet ongeveer xxx woorde wees.

Opdrag 5

Lees die volgende paragraaf en vul gepaste woorde (werkwoorde/beskrywend) in die ontbrekende dele in.

Mense in . . . kamerjasse wat . . . aan die oorkant van die straat . . . Met . . . gesigte en . . . hare kyk hoe die huis deur die . . . vlamme verteer word. Die brandweermanne wat opdragte vir mekaar . . . Die water wat, . . . , met 'n . . . stroom uit die . . . pyp spuit, maar geen kans staan teen die woede van die vlamme nie.

Opdrag 6

Lees die volgende gedeelte:

Alles het so vinnig gebeur, maar op'n manier ook stadig, dink Ben. So asof dit vir altyd gaan aanhou. Asof hy vir die res van sy lewe op die sypaadjie moet staan en kyk. Soort van sy straf.

Hy dink dit was toe tannie Pop haar arms om hom slaan en sy T-hemp sopnat huil dat hy besluit. "Toemaar, my ou hartjie, jy trek sommer nou hier by ons in."

Hy moet weg, het hy toe besef.

Naby die groentewinkel het hy geld uit sy ma se beursie in haar groen handsak gehaal vir die taxi om hom op die Johannesburgse stasie af te laai.

Hy druk die handsak vaster teen sy lyf. Die vrou oorkant die paadjie hou hom onderlangs dop, sien hy. Wit kinders ry waarskynlik nie so laat op die trein tussen Johannesburg en Pretoria nie.

Sy tande begin weer klap. Hy probeer diep asemhaal om die gekletter te stop, maar dit help nie.

Die vrou kyk nou openlik na hom. "Are you fine?"

Hy weet nie wat om te sê nie. Hy voel net skielik dankbaar dat sy gevra het. Dat iemand gevra het. Hy probeer die huil keer, maar hy kan nie. Sy skouers ruk terwyl hy geluidloos huil. Hy druk sy gesig in die groen handsak. Hy ruik sy ma.

Hy voel hoe die vrou langs hom op die bankie inskuif. Sy slaan haar arm om sy lyf en trek hom tot teenaan haar groot bors. Hulle s'n lang ruk só voordat hy regop kom en haar wegdruk. Hy vee sy gesig af met die opgefrosmelde sakdoek wat sy na hom uithou.

Deur die venster sien hy Pretoria se liggies. Die trein fluit en hulle ry die stasie binne. Die perronne is verlate. Waarheen nou? Dink hy verlate.

Opdrag 1:

Skryf'n bemoedigende brief/e-pos/SMS aan Ben. Die inhoud van jou brief/e-pos/SMS moet ongeveer xxx woorde wees.

Opdrag 2:

Jy is Ben en weet tannie Pop en Oom Carlos is bekommerd oor jou. Skryf'n brief van ongeveer xxx woorde om hulle gerus te stel.

Visuele geletterdheid

Boeklokkfilm

Hoopvol – Derick van der Walt

ISBN – 978-0-624-05625-6. TAFELBERG

Preluister/kyk: Voer die volgende opdragte uit.

Beantwoord die volgende vrae:

- **Wat is ’n lokfilm?**
- Wat is die doel van ’n lokfilm?
- Wat verwag jy om in ’n lokfilm te sien?
- Watter verband is daar tussen die twee **volgende logo’s** en die lokfilm?



Tydens luister/kyk: Doen nou die volgende:

- Jou onderwyser gaan nou die lokfilm van die roman *Hoopvol* vir jou speel.
- Kyk aandagtig daarna.
- Jy mag notas afneem terwyl jy na die lokfilm kyk.
- Jou onderwyser kan die lokfilm ’n tweede keer vir jou wys.
- Jy moet dan die vrae oor die lokfilm beantwoord sonder om weer na die lokfilm te kyk.

Postluister/kyk: Beantwoord die volgende vrae oor die lokfilm in jou werkboek.

1. Wie of wat is “Hoopvol”?
2. Wie is die skrywer van die boek?
3. Hoeveel persone is besig om die vuur te blus?
4. Voltooi die volgende sin: *Die tipe gebou wat brand is ’n . . .*
5. Watter tyd van die dag het die brand plaasgevind? Gee redes vir jou antwoord.
6. Lees die volgende stelling.

Beide die persone dra dieselfde tipe hoed.

- a) Is die stelling *waar* of *onwaar*?
- b) Gee redes waarom jy so sê.

7. Lees die volgende stelling.

Een van die mans is nién brandweerman nie.

- a) Is die stelling *waar* of *onwaar*?
- b) Gee redes vir jou antwoord.

8. Die titel verwys na 'n dorpie in die Karoo.
 - a) Watter ander betekenis kan die woord "hoopvol" ook inhou?
 - b) Maak 'n verhelderde sin met "hoop vol".
9. Skryf 'n woord neer wat ongeveer dieselfde betekenis het vir die skuinsgedrukte woord in die volgende sin:

"Ben het *blindelings* op die trein geklim."
10. Waarheen wou Ben gaan toe hy blindelings op die trein geklim het?
11. Voltooi die volgende sin: Om 'n *uitsiglose lewe* te hê beteken . . .
12. Bestudeer die volgende twee kameraskote.



Raampie 1



Raampie 2

- a) Watter raampie is eerste in die lokfilm gebruik?
 - b) Beskryf die tipe kameraskoot wat by elkeen gebruik is.
 - c) Waarop fokus raampie 1? Wat is die doel van hierdie tipe kameraskoot.
 - d) Hoe sal jy die emosie van die seun in raampie 1 beskryf? Gee redes vir jou antwoord.
 - e) Die seun se gesig is nie duidelik belig nie. Watter tipe "lig" weerkaats op sy gesig?
 - f) Wat kan jy vanuit die raampies aflei waar die seun hom bevind? Waarna kyk hy?
13. Verduidelik kortliks wat met die skuinsgedrukte woord bedoel word:

"*aangrypende* verhaal"
14. Bestudeer die volgende kameraskoot.




- a) Waarheen is hierdie trein oppad?
- b) Die lokfilm verwys na “traumatiese gebeure”. Wat word met *traumatiese* bedoel?
- c) Wat dink jy is die gebeure?

15. Bestudeer die volgende kameraskoot.



- a) Waar bevind die karakter hom?
- b) Hoe sal jy die karakter se gemoedstoestand beskryf? Waarom voel hy so?
- c) Watter tyd van die dag is dit?
- d) Waarom dink jy slaap die karakter dan?

16. Bestudeer die volgende kameraskoot.



- a) Waarom is die karakter regs nie baie sigbaar nie?
- b) Watter tipe kameraskoot word hier gebruik?
- c) Kan die twee karakters as vriendinne beskou word? Motiveer jou antwoord.

17. Bly Nathalie en Ben in dieselfde dorp? Waarom sê jy so?
18. Sal jy die boek wil lees? Gee redes waarom jy so sê
19. Het die lokfilm in sy doel geslaag? Motiveer jou antwoord.
20. Wie dink jy is die teikengroep van hierdie lokfilm?
21. Watter tipe leser sal die boek graag wil lees? Waarom dink jy so?